Date : December, 17 , 2009 Publication : Huisgenoot Page Number : 20-21

Sedert 1994 is tot 3 000 boere al vermoor, maar die werklike omvang is onbekend – en g'n oplossing is in sig

DIS NAG OP ONS PLASE

LINKS: By Polokwane vorm duisend wit kruise 'n groot kruis vir plaasmoord-slagoffers. BO: By Centurion is 1 500 kruise om dieselfde rede geplant.

HULLE het laatmiddag nog grappies gemaak voor hy teen skemer die plaas verlaat het. Die volgende dag moes Deon Hough hoor sy broer, Gawie, is net ure later vermoor.

Gawie (42) se aanvallers het hom dié aand net meer as 'n week gelede in sy plaasopstal naby Roossenekal in Mpumalanga oorrompel en sowat 600 m ver in 'n plaaspad af gesleep. Hier het hulle hom met sy eie vuurwapen in die gesig geskiet en met die wapen, twee radio's, R1 000 kontant en twee selfone gevlug.

Twee maande tevore het 'n afgedankte plaaswerker Deon gebel en gesê: "Ek sal jou wys wat ek met 'n wit man kan doen . . ."

'n Dag ná Gawie se moord is Pieter Malan-Cillie (57), 'n vrugteboer van 'n plaas buite Ceres in die Wes-Kaap, deur onbekende mans in sy plaashuis doodgeskiet, maar niks is gesteel nie.

Pieter se broer, Rossouw (45), sê hy was 'n saggeaarde mens wat net liefde teenoor ander uitgestraal het. "Daar is geen sin aan sy moord nie; hy het geen vyande gehad nie en was altyd bereid om ander mense, veral minderbevoorregtes, te help. Die hele ding slaan ons dronk."

En skielik is daardie woord wat in die afgelope dekade of meer soveel vrees en afgryse by Suid-Afrikaners ingeboesem het, weer op almal se lippe: plaasmoord.

Dit is " 'n swart naweek vir die landboubedryf", het Carl Opperman, die uitvoerende hoof van Agri Wes-Kaap, kort ná die geweldpleging gesê.

En die syfers is inderdaad ontstellend, terwyl dit ook aansienlik wissel omdat geen amptelike statistiek bygehou word nie.

Volgens die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge is 1 650 mense tussen 1991 en 2007 vermoor, terwyl Dirk Hermann, adjunk- uitvoerende hoof van die vakbond Solidariteit, vermoed die werklike getal moorde sedert 1994 kan tot soveel as 3 000 wees.

"Weens gebrekkige statistiek is dit baie moeilik om die presiese getal moorde te bepaal. Maar dis ontstellend dat byna net soveel boere in Suid-Afrika vermoor is as dié wat hul plase in Zimbabwe verloor het, en tog is die wêreld stil oor dié wrede misdade in Suid-Afrika."

PLAASMOORD is die titel van die skrywer Karin Brynard se debuutroman. Sy het langer as 'n jaar navorsing daaroor gedoen en gesels met talle mense landwyd wat op die een of ander wyse deur plaasaanvalle geraak is.

Die wrede gevalle wat Karin in haar boek beskryf het, het werklik plaasgevind: Van die skokkendste is 'n baba wat met 'n strykyster gebrand is, en 'n vrou wie se ooglede afgesny is.

"Wat my die meeste opgeval het, was die emosionele trauma waardeur die slagoffers gaan," vertel sy. "Hulle ervaar almal 'n verskriklike woede oor dit wat met hulle gebeur het. In so 'n situasie voel jy totaal magteloos as jy van jou menswaardigheid gestroop word."

In die meeste gevalle waarmee sy te doen gekry het – tot soveel as 75 persent, sê sy – was dit bloot gewone misdaad, sonder bymotiewe.

"Onthou, plaasbewoners is maklike teikens omdat die mense so in afsondering leef. 'n Aanval of moord word gewoonlik eers ure later ontdek."

Daar is wel gevalle waar 'n ras- en wraakelement ter sprake is, sê sy. "Maar dis regtig in die minderheid."

Ook dr. Johan Burger, misdaadkenner en senior navorser van die Instituut vir Sekerheidstudies, voel kleur speel nie 'n rol in misdade nie.

"Dit beteken nie daar is geen rasgemotiveerde aanvalle in die land nie, maar wanneer dit voorkom, is dit geïsoleerde gevalle."

Onder wit mense is daar die algemene persepsie dat die meerderheid aanvallers swart is, maar Johan sien geen rasmotief hierin nie. Dit sal logies so wees omdat 77 persent van die plaaslike bevolking swart is, sê hy.

Die meeste misdade word deur gierigheid gemotiveer, blyk uit navorsing van die instituut. Die aanvallers meen hulle het die reg om van ander te vat omdat hulle minder as die slagoffer het.

Terwyl die Suid-Afrikaanse Polisiediens weier om statistiek openbaar te maak wat regstreeks na plaasaanvalle en -moorde verwys, voel Chris van Zyl, assistenthoofbestuurder van die Transvaalse Landbou-unie van Suid-Afrika (TLU SA), dat die totale omvang van plaasmoorde nog nie werklik deurgedring het nie.

"Die afgelope jaar het 91 Britse soldate in die oorlogsgebied in Afganistan gesterf, maar meer as 100 boere is in dieselfde tyd in Suid-Afrika vermoor," sê hy.

Die gemiddelde ouderdom van die aanvallers is tussen 22 en 28 jaar.

Suid-Afrika se visepresident, Kgalema Motlanthe, het verlede

In diepte

Deur Jaco Hough-Coetzee

maand op die nasionale konferensie van die Beweging vir Morele Hernuwing op Boksburg aan die Oos-Rand gesê geweldadige plaasaanvalle is boere se eie skuld, want hulle buit buitelandse plaaswerkers uit.

Van die gewelddadigste plaasmoorde word deur buitelanders gepleeg wat op Suid-Afrikaanse plase kom werk, sê hy. "Maar hulle word uitgebuit en sleg behandel. Baie word gedwing om sonder betaling te werk. Dis dan wanneer hulle die plaasmense vermoor."

Motlanthe se oplossing vir die probleem is om die uitbuiting van plaaswerkers te staak – 'n uitspraak wat 'n koor van protes en verskeie eise om 'n verskoning ontlok het.

Hokaai, dis nie so eenvoudig nie, beaam Werner Weber, die VF+ se woordvoerder oor landbou. Hy sê die visepresident *veralgemeen liederlik, en dit* klink boonop of hy plaasmoorde so wil regverdig.

In die meeste gevalle ken die aanvallers en die slagoffers mekaar nie, voeg hy by.

Inderdaad sit onbekende aanvallers agter tot 78 persent van die aanvalle, sê Chris. Die TLU SA stel sy eie misdaadstatistiek uit mediaberigte saam, en daaruit kry die unie ook die indruk dat daar 'n besliste toename in die wreedheid van die aanvalle is. Waar plaasbewoners eers net vasgebind en beroof is, vind ernstige aanranding en marteling nou al meer plaas.

Ook Dirk van Solidariteit is ontsteld oor die wreedheid van die aanvalle. In van die meer onlangse gevalle is 'n vrou aan 'n boom opgehang en doodgeslaan, kookwater is in mense se ore gegooi en ander is met strykysters gebrand, vertel hy.

Plaasmoorde het nie net 'n vernietigende uitwerking op boere se moreel nie. Dit het ook 'n verlammende uitwerking op voedselverskaffing, waarsku Chris.

Nadat 'n produktiewe boer vermoor is, duur dit tot agt jaar om die produktiwiteit van die plaas te herstel na dieselfde vlak as voor die misdaad.

ALLES is darem nie verlore nie. Die misdaadsituasie kan wel omgekeer word, sê die Instituut vir Sekerheidstudies in 'n navorsingsverslag wat verlede jaar op versoek van AfriForum opgestel is.

Daarin word die regering skerp gekritiseer omdat hy misluk het om misdaad vas te vat deurdat hy nie die nodige veiligheidstelsels geskep het nadat die ou kommandostelsel afgeskaf is nie.

Met ferm leierskap en 'n sterk politieke wil kan die saak wel beredder word, word in die verslag gesê. En alle oë is nou op die nuwe polisiekommissaris, Bheki Cele, nadat hy erken het *die afskaffing van die veiligheidspesialiseenhede* is 'n fout wat reggestel moet word.

En in KwaZulu-Natal neem die ANC kennis van die kommer oor die veiligheid van boere, sê Sihle Zikalala, provinsiale sekretaris. *Hulle wil* nou kyk wat die regering kan doen om plaasbewoners se veiligheid te verseker.

Dit klink belowend, maar terselfdertyd probeer Agri SA nou al die afgelope twee jaar sonder sukses om 'n afspraak te maak met die minister van polisie – eers Charles Nqakula en nou Nathi Mthethwa – om plaasaanvalle te bespreek.

Die president van TLU SA, Ben Marais, versoek dat 'n spesiale ondersoekeenheid vir plaasaanvalle ingestel moet word.

"Ons is steeds van mening dat plaasaanvalle aangevuur word deur emosionele sake soos grondhervorming en rassisme, en daarom moet dit op 'n ander manier as gewone moorde ondersoek word." □

BYKOMENDE BRON: DIE BURGER